NUUSBRIEF 18 VAN 2026

*21 MEI 2026*

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr. Wally Janse van Rensburg*



Ons het die afgelope naweek ‘n baie geslaagde opedag gehad met baie aspirant Rynies wat die skool en kleuterskool besoek het. Baie dankie aan al die ouers wat die moeite gedoen het om ons skool te besoek en te kom kuier. Vir my was dit ‘n voorreg om heelwat ouers se blad te skud en kennis te maak.



***Moenie huiwer om ‘n afspraak te maak indien u enige verdere vrae het of nog inligting benodig aangaande Laerskool Rynfield nie.***



Graag doen ons ‘n ernstige beroep op ouers om nie op of naby die ***zebrastrepe*** by die voetoorgange om die skool te parkeer nie. Hierdie is ‘n ernstige veiligheidsrisiko vir leerders wat die pad kruis en stel leerders onnodig in gevaar aangesien hulle om hierdie voertuie wat onwettig parkeer moet beweeg om die pad oor te steek. Moet uself asseblief nie skuldig maak aan hierdie onwettige praktyk nie en help ons om die veiligheid van ons leerders te verseker.



NUUSBRIEF 18 VAN 2026 *21 MEI 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## OUERS OP DIE SKOOLTERREIN

Alhoewel die juniorleerders voor die seniorleerders verdaag in die middae, wil ons vra dat ***geen ouers voor 13:50 op die skoolterrein sal wees nie***.

Dit is ‘n groot veiligheidsrisiko, en kan ook steurend wees aangesien ons seniorleerders en personeel nog klas het/klas gee tot 13:50.

Indien u die skool moet betree, volg asseblief die normale reëlings gedurende skoolure en meld by die ontvangs aan.

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.





NUUSBRIEF 18 VAN 2026 *21 MEI 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## Graag deel ons met u die volgende stukkie van Vita Amp:

## "Reis" saam met jou kind



Die wêreld waarin ouers vandag kinders opvoed en grootmaak, is verseker nie baie vriendelik en ontvanklik nie. Inteendeel, jy kan dit eerder beskryf as uitdagend en intimiderend. Elke ouer reageer anders op die uitdagende wêreld. Feite is dat jou kind met tye swaar gaan kry en ‘n bietjie pyn gaan ervaar.

Elke volwassene kan hoofstuk op hoofstuk in hulle eie lewensboek skryf oor teleurstellings, hartseer, pyn en uitdagings. Elke volwassene het ‘n klomp stories van hoe hy/sy geleer het om die dinge te hanteer. Jy het dus duur skoolgeld betaal om ‘n goeie leermeester vir jou eie kind te kan wees. Maar nee, die meeste ouers kies om by die eerste bietjie pyn of teleurstelling in ‘n kind se lewe hulle te red en in te gryp.

Min ouers besef dat hulle hulle kinders die aanleer van die vaardigheid van pyn-hantering ontneem. Min ouers besef dat elke kind moet besef en verstaan die lewe is onregverdig, die lewe is soms hard en ongenaakbaar en propvol teleurstellings. Daarom, is dit lewensbelangrik vir jou kind se totale ontwikkeling as mens om hierdie vaardighede aan te leer. Baie ouers vandag is egter total oorbeskermend en “red” hulle kind by elke geleentheid. Daar word doodgewoon te gou ingegryp en ander word doodgewoon te gou blameer. (Vervolg)

NUUSBRIEF 18 VAN 2026 *21 MEI 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## "Reis" saam met jou kind (Vervolg van vorige bladsy)

Paulus in Romeine 5 verse 3 en 4 skryf oor ‘n baie interessante werklikheid van die lewe: slegs swaarkry kweek volharding…….volharding kweek weer egtheid van geloof……en egtheid van geloof kweek hoop. God se doel en plan met elke mens is dat jou lewe uiteindelik ‘n storie van hoop vir iemand anders sal wees. Hoop egter is die uiteinde van swaarkry. Ek is oortuig jy het dit al aan jou eie lyf gevoel.

Dus, hier is die uitdaging vir elke ouer: nie om jou kind swaarkry te spaar nie. Nee, veel eerder om jou kind te begelei deur swaarkry en vir jou kind om dit te kan hanteer. Dan voeg jy waarde toe tot jou kind se lewe. Jy doen nie jou kind ‘n guns deur jou kind by elke geleentheid te “red” van swaarkry nie! Nee, jy ontneem jou kind die geleentheid om te groei tot ‘n baken van hoop.

Liewe ouer, maak dit tyd om saam met jou kind te reis. Reis saam met hulle deur die onregverdigheid en sleg van die lewe. Leer hulle om die swaarkry en terugslae te hanteer. Wees daar en ondersteun, maar jy is nie Redding Internasionaal of 911 in jou kind se lewe nie. Jy kan en mag nie jou kind sonder die vaardighede die lewe instuur nie. Jy doen jou kind geen guns nie. Ek weet dis nie lekker om jou kind te sien swaarkry nie, maar dink langtermyn oor jou kind se toekoms.

(Uiteraard is daar ‘n verskil tussen “pyn”en “beskadig”. Ken jou kind egter goed genoeg om te kan onderskei. Weet egter verseker: alle “pyn” beskadig nie jou kind nie. Inteendeel, dit kan bydra tot enorme groei in jou kind se lewe)

**Geskryf deur Johan Smith**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## CHEERLEADING

Cheerleading en Poms uitslae vir Provincials:

- Cheerleading level 1 = **1ste** uit 2 spanne
- Poms = **1ste** uit 6 spanne
- Poms ontwikkeling = **6de**

Baie geluk aan almal!









## TENNIS






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL







# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

### RUGBY






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## 🏁 KASKARDAG IS OM DIE DRAAI!

**Kom ons maak hierdie jaar se Kaskardag die BESTE EEN NOG! 🚗💨**

🎟️ Onthou om jou lootjies te koop en staan 'n kans om die ongelooflike LEGO Mindstorm te wen!

🌈 Bestel ook jou kleurpoeier by jou registeronderwyser en wees deel van die kleurvolle pret tydens Kaskardag se pouse!

👏 Baie geluk aan Graad 1LR en Graad 4AB wat hierdie week die meeste geld ingesamel het! Hulle kan môre vir Mnr. Johnde aan 'n muur vasmaak! 😄

🔥 Volgende week kry die wenklas die kans om Juffrou Minante aan 'n muur vas te maak! 👀 Wie gaan dit wees?

***Baie dankie vir julle ongelooflike ondersteuning!***















NUUSBRIEF 18 VAN 2026 *21 MEI 2026*


# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKAR








# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## PRODUKSIE 2000

Die vertoning was puik en ons leerders het dit werklik geniet. Ons sien uit na die volgende vertoning op die planke.

## ORATORS

Alle Engelse toesprake vir spanne moet asb. teen einde Mei ingehandig word vir goedkeuring. Wikkel, die tyd raak min!

## INTERSKOLE GAUTENG - 30 MEI

Sterkte aan al ons spanne en individuele redenaars met die laaste voorbereiding. Ons weet julle gaan fantasties wees. Maak asb. seker dat jul 'n oefensessie inkry by Juf. Barbara, Juf. Lea of Juf. Coffey. Die program is via e-pos na al ons individuele sprekers se ouers uit. **LET WEL**. Interskole se Engelse inskrywings sluit 25 Mei. (Top 6 van ons skool se interne "public speaking" is reeds ingeskryf).

**PUBLIC SPEAKING INDIVIDUALS & TEAMS:**

Bespreek asseblief vroegtydig plek om te oefen saam met Juffrou Barbara. Ons begin 1 Junie oefen.


Groete, Juffrou Barbara

## KOOR









Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOSKAS

Baie dankie vir elke ouer wat so getrou help.

Hier is 'n advertensie vir items wat ons tans benodig:



NUUSBRIEF 18 VAN 2026

*21 MEI 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 25 Mei | Macaroni & kaas |
| Dinsdag, 26 Mei | "Hawaiian" hoender & kaas burger |
| Woensdag, 27 Mei | Jaffels |
| Donderdag, 28 Mei | Pasteie |
| Vrydag, 29 Mei | Hoender "nuggets" + tjips |



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## EKSAMEN:

Die eksamen is om die draai en begin reeds volgende week (28 Mei). Daar is ekstra leerklasse beskikbaar in die pienkklas tot en met die einde van die eksamen.



Wanneer: Maandae - Donderdae

Tyd: 16:00 - 16:45

Personeel: Tannie Lucinda

**NB!!** Skriftelike toestemming moet deur ouers gegee word.



## KLERETROLLIE:

Loer gerus vir verlore items.
Die trolllie sal Woensdag leeggemaak word.



## NASKOOL SPYSKAART:

| DATUM | ETE | 15:30-15:45 |
|---|---|---|
| Maandag, 25 Mei | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Dinsdag, 26 Mei | Wors met pap & sous | Vrug & sap |
| Woensdag, 27 Mei | Tuna-broodjies | Vrug & sap |
| Donderdag, 28 Mei | Kouevleis rolletjies | Vrug & sap |
| Vrydag, 29 Mei | Hotdogs | Vrug & sap |

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

